cantando@bloem

is in Februarie 2009 gestig om te voorsien in die behoefte aan ’n vierstemmige koor vir volwassenes in Bloemfontein, wat sekulêre, sowel as gewyde werke, in hul repertorium insluit. Die koor het reeds groot hoogtes bereik, wat die volledige uitvoering van Haydn se Nelsonmis in Mei 2010, ’n 6-dag konserttoer deur die Oos-Kaap in 2011, ’n 15-dag konserttoer deur Namibië in 2012, deelname in 2012 aan ’n feeskonsert ter herdenking van 40 jaar van uitsending van Fanie Smit se Sondagkoorprogram, Loof die Here, oor RSG, deelname aan die uitvoering van Beethoven se 9de simfonie in die Sand du Plessis-teater aan die einde van 2012 en optrede by 2013 se aanbieding van die Passiespel op Lady Grey, asook ’n aanbieding van die Popkantate, Holy Moses, in die Musiconsaal, insluit.

Die mees onlangse hoogtepunt was ’n oorsese toer na Italië en Oostenryk in Junie 2015. Die toer is hoofsaaklik onderneem met die oog op deelname aan die 18de Alta Pusteria-koorfees in die Suid-Tiroolgebied in Italië. cantando@bloem was een van 73 kore van regoor die wêreld wat aan die 2015-koorfees deelgeneem het. Die koor se deelname aan die koorfees was uiters suksesvol. cantando@bloem het sedertdien, in samewerking met die FSSO, ’n wonderlike weergawe van Carl Orff se Carmina Burana aangebied .

Die koor staan onder leiding van Werner Stander en die begeleiding word deur Maretha Steyn behartig. Werner is ’n jong dirigent wat in sy kort loopbaan geweldig baie bereik het in uiteenlopende musiekgenres. Werner het koorleiding onder Leona Geldenhuys, Hans Huyssen en Lance Phillip gestudeer en in 2015 sy Meestersgraad in Koorleiding aan die Universiteit van die Vrystaat verwerf. Hy studeer tans onder prof Martin Berger aan die Universiteit van Stellenbosch. Hy is ook ’n sanger in die Odeion-koor, ’n akademiese kamerkoor by die UV Odeion Skool vir Musiek, onder leiding van Lance Phillip. Werner tree ook as assistentdirigent van die kamerkoor op.

In Januarie 2011 is Werner gekontrakteer as Lektor by die Odeion Skool vir Musiek aan die Universiteit van die Vrystaat waar hy in musiekopvoedkunde en gemeenskapsmusiek spesialiseer. Sy dirigeer-repertoire sluit J.S. Bach se motet Jesu meine Freude, Mozart se Spatzenmesse & Missa in honorem sanctissimae Trinitatis (beide met klassieke orkes), William Byrd se Mass for four voices en Buxtehude se cantata-siklus Membra Jesu nostri in. Werner het in 2012 ’n pos as koordirigent en musiekonderwyser aan die Primêre Meisieskool Oranje aanvaar en sedertdien het beide die senior- en juniorkoor met verskeie goue toekennings uitgeblink in nasionale koorkompetisies soos die ATKV-Applous-kompetisie.

2016 is vir cantando@bloem ’n besige jaar met verskeie optredes wat al gelewer is en nog vele wat voorlê. Hoogtepunte vir die res van 2016 sluit die koor se jaarkonsert op 3 September 2016 in die Odeion, ’n toer na Orania en ’n Suid-Kaaptoer, met optredes in Nieu Bethesda, George en Knysna, in.